MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 1 | 22 JANUARIE 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hieronder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Allereers, baie welkom terug aan ons lojale leerders, ouers en onderwysers. ‘n Spesiale welkomsaluut aan al die nuwe leerders, voornemende graadagts en hulle ouers in ons midde. Mag 2026 ‘n besondere geseënde jaar vir julle en julle kinders by Midstream College wees. My wens vir elke leerder hierdie jaar is om opnuut elke geleentheid wat oor hul pad kom met albei hande aan te gryp – Carpe Diem!

Vergun my opnuut die geleentheid om ons matriekklas van 2025 met hul ongelooflike uitslae geluk te wens – ons is baie trots op hulle! In sekere kategorieë was hulle uitslae die beste in die land. Nie alleen het hulle ‘n 100% slaagsyfer nie, maar die groep het gemiddeld 4,2 onderskeidings per kandidaat en 79 leerders het 6 of meer onderskeidings. Waar hulle waarlik stof in ander skole se oë geskop het, was met hulle 79,4% gemiddeld vir die 231 leerders. Die uitslae het weer eens bewys dat Midstream College voorwaar ‘n skool is waar elke leerder die geleentheid het om na die beste van sy of haar vermoë te presteer. Baie geluk aan Jenhara Rooplall ons Dux-leerder met 11 onderskeidings en ‘n ongelooflike 97,1% gemiddeld. Ons salueer julle!

Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.
Psalm 16:6 (NIV)

Die uitslae het ons opnuut bewus gemaak van die feit dat ons op vele terreine geseënd is by Midstream College – Soli Deo Gloria. Daar is voorwaar baie om voor dankbaar te wees. Nie alleen het ons ‘n rekordgetal van 1 325 leerders in die College nie, maar danksy die mildelike reën in Desember is die terrein en velde in ‘n beter toestand as ooit. Die sweminterhuis verlede Vrydag het die sport op ‘n hoogtepunt laat afskop en ons sien uit na die atletiekinterhuis eerskomende Vrydag. Ek hoop om baie ouers daar te sien en herinner ouers daaraan dat julle altyd welkom is by die skool. Geluk aan ons eerste- en o. 14-krieketspanne wat hierdie jaar nog onoorwonne is.

Graag nooi ek ouers opnuut uit om enige aangeleentheid wat julle pla of waaroor hulle onseker is onmiddellik met die betrokke onderwysers op te neem. Volg asseblief die verskillende kommunikasiekanale en begin by die klasonderwyser, afrigter of registeronderwyser. Indien die aangeleentheid nie na bevrediging aangespreek word nie, is julle altyd welkom om die uitdaging na die volgende vlak te eskaleer. Dankie dat julle jul kinders aan ons toevertrou, en mag die meetsnoere in 2026 steeds in gunstige plekke vir die julle en julle kinders val.

MATRIEKUITSLAE

Die klas van 2025 het weereens skitteruitslae gelewer. Hulle het ‘n 100% slaagsyfer behaal en die 231 matrieks het ‘n totaal van 792 onderskeidings behaal (4,2 per kandidaat). 99,6% het aan die vereistes vir Baccalaureus-graadstudies aan ‘n universiteit voldoen. Al die vakke spog met gemiddeldes hoër as die IEB se nasionale gemiddeldes.

Ons is besonder trots op die topresteerders (aantal onderskeidings in hakies): Jenhara Rooplall en Jan-Albert van Niekerk (11), Thando Gobinca, Shivanth Lalla, Anika Malan, Renate Maré, Kriya Moodley, Lucka Nieuwenhuis, Declan Rafferty, Shayur Vather, Han Wang en Imani Ravhuhali (10), Yanko Cronjé, Kirsten Levey, Evan Malan, Nicolas Mendes, Chaeli Oberholzer, Kitso Senoelo, Tiana Swart, Willem Verhoef, Chanel de Villiers, Shihlovo Msindo en Dylan Rodi (9), Déan Fourie, Nokwazi Khanyile, Macheba Matimolane en Angela Williams (8). ‘n Verdere 22 kandidate het elk sewe onderskeidings behaal.

Daarbenewens is 14 matieks, te wete Jenhara Rooplall, Kirsten Levey, Declan Rafferty, Thando Gobinca, Kriya Moodley, Shayur Vather, Renate Maré, Lucka Nieuwenhuis, Tiana Swart, Jan-Albert van Niekerk, Shivanth Lalla, Courtney Langson, Nicolas Mendes en Willem Verhoef op die IEB se Topresteerderslys met hulle puik prestasies. Dit is die meeste van enige IEB-skool! (Klik hier vir meer besonderhede.)

Deur die aantal onderskeidings per kandidaat as maatstaf te gebruik, het *Businesstech* Midstream as die derde beste privaat skool in die land geplaas en die tweede beste gemengde skool. Welgedaan aan die Klas van 2025!

UITTEKEN

Ons verwys u as ouers graag na die gedragskode. Wanneer ‘n leerder uitgeteken word, moet die volgende inligting per e-pos aan die graadhoofde gestuur word: Die naam van die leerder, datum en tyd asook die rede vir die beplande afwesigheid. Dit is ook in belang van ons leerders se veiligheid dat hulle by die kantoor afgehaal word.

Maak asseblief seker dat u u kind ingelig het dat u hom/haar vroeër gaan kom haal sodat hulle betyds by die kantoor kan wees.

E-SIGARETTE- EN DAMPROOKBELEID

As gevolg van die vinnige toename in die gebruik van e-sigarette en damprook wêreldwyd – veral onder skoolgaande leerders – het die skool ’n nuwe E-sigaret- en Dampbeleid ingestel, benewens ons bestaande Beleid oor Onwettige Middelgebruik. Hierdie beleid sal op ’n nulverdraagsaamheidsgrondslag toegepas word, en alle sanksies soos daarin uiteengesit, sal streng toegepas word. Ons erken egter dat die doeltreffende aanspreek van hierdie ernstige kwessie slegs moontlik is met die ondersteuning en samewerking van ons ouergemeenskap. Ons doen daarom ’n beroep op alle ouers en voogde om die skool in die hantering van hierdie saak te ondersteun en om ons te help om leerders tot gesonde en verantwoordelike keuses te lei.

Die nuwe E-sigaret- en Dampbeleid is op ons webwerf beskikbaar vir u insae.

UBER

Die Onafhanklike Skoolevereniging van Suid-Afrika (ISASA) het skole aangeraai om die volgende aan ouers oor die gebruik van Uber te kommunikeer:

Ouers moet hulself van Uber se bepalings en voorwaardes vergewis wat bepaal dat die diens nie beskikbaar is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie, tensy hulle van 'n volwassene vergesel word.

Die skool sal nie aanspreeklik wees vir enige voorvalle as gevolg van die gebruik van Uber deur leerders nie.

OUERGEBEDSGROEP

Die ouergebedsgroepie nooi alle belangstellende ouers uit om aan te sluit. Stuur gerus ‘n e-pos aan me Carolien Verster (cverster@midstreamcollege.co.za).

U inligting sal aan die groepkoördineerder gestuur word.